### Die opdrag van Herodus

## 14

(**Zinka**:) "Dit is bekend hoe hy die dag ten aanskoue van my en duisende ander dit gevier het. Dit sal egter nie aan u almal bekend wees, dat daar by die leerlinge van Johannes die gerug rondgegaan het dat Johannes weer opgestaan het, na Galilea getrek en op die plek waar hy oorspronklik sy taak begin het, nou weer aktief was. Die gerug het ook Herodus en sy Herodias bereik, wie sowel as haar ou draak van `n moeder sedert die dood van Johannes siek geword het. Herodus en Herodias word hierdeur vervul met groot vrees en angs, en daarom stuur Herodus my as `n betroubare vriend van die vermoorde uit om hom weer na Herodus te bring, sodat hy die groot onregverdigheid wat hy hom aangedoen het, sou kon goedmaak. Ook Herodias betreur nou die uur waarop sy toegegee het aan haar slegte moeder, en sou die gekrenkte Johannes eweneens weer genoegdoening wou gee!

[2] Maar ek het goed besef dat Johannes nooit opgestaan het nie. Ek het wel van Johannes self gehoor dat daar in Galilea `n baie groot Profeet opgestaan het, wie se skoenrieme hy nie waardig was om los te maak nie. Dit vertel ek aan Herodus en hy sê: 'Gaan tog daarnatoe en bring vir my die Een waaroor Johannes met soveel agting gespreek het, want miskien kan Hy ons ook help!' Ek sê hom egter tewens wat ek oor die groot Profeet gehoor het, naamlik dat Hy as bewys van Sy leer enorme tekens doen. Ek het vir hom gesê dat die Galilese Profeet dooies opgewek het, berge versit en die storms beheers, en nog meer van sulke ongelooflike dinge. Ek vertel Herodus ook dat ek teen die mag van so `n Profeet weinig of niks sou kon uitrig nie, omdat hy duisende deur één gedagte kon dood. Maar Herodus en Herodias laat hulle nie daardeur van hulle wens afbring nie en Herodus sê slegs: 'Driehonderd swaar silwerstukke vir die een wat Hom na my toe sal bring!', met die toevoeging dat as dit lewend nie moontlik sou wees nie, hy hom dan tog as dooie wou sien!

[3] Ek antwoord hom koelbloedig: 'As Hy nie uit homself sal kom nie, sal ons vir niks gaan nie! Want voor ons Hom kan doodmaak, lewe ons lankal nie meer nie. Omdat hy die geheimste gedagtes van die mense ken en ook hulle bedoelinge, sal Hy ons al doodmaak voordat ons Hom nog maar nouliks te siene kan kry! Onder hierdie omstandighede sien ek egter geen rede om hom te gaan opsoek nie!' Toe sê hy: 'Ek wil dit so hê en my wil is goed. As die Profeet goed is, sal Hy my goeie wil ook as goed ondervind en na my toe kom! Dat ek Hom dit nie sal aandoen wat ek in my verblinding aan Johannes gedoen het nie, word tog bewys deur my trane oor die goeie Johannes. Gaan en voer my wil uit!'

[4] Toe eers gaan ons en nou is ons nou hier, - tot op hede nog ter onverrigter sake, hoewel ons nou al ongeveer nege weke slegs vir die doel deur Galilea rondtrek. Ek het gedurende die tyd al etlike kere bodes na Herodus gestuur en vir hom die nutteloosheid van ons inspanning duidelik uiteengesit, maar dit alles het niks gehelp nie! Hy weet dit waarskynlik uit ander bronne dat óf die opgestane Johannes, of die groot Profeet Hom in Galilea ophou en groot tekens doen. Ons moet daarom alles in werking stel om Hom beet te kry. Enige laksheid van ons kant af sou hy baie streng straf!

[5] En so het ons dan nou op ons speurtog hierheen gekom omdat ons gehoor het dat daar by Césarea Philippi groot tekens plaasgevind het! Ons het egter niks meer gevind as `n totaal afgebrande stad en `n omgewing wat deur die hewige storm van gister verwoes is, en nou hier vir u, as `n baie streng Romein!

[6] Sorg vir ons en bevry ons van die dwaas wat in sy woede nie te vertrou is nie, en ons sal u daarvoor dankbaar wees, daarvan kan u verseker wees! Wat ek u nou vertel het, is die volle waarheid; u weet nou presies wat daar aan die gang is. Handel nou na reg en regmatigheid! As u Romeine eenmaal ten volle ons meesters sal wees, het ons met Herodus niks meer te make nie! Ons sal daarby bereid wees om u nog duisend maal getrouer te dien as die ou dwaas en tiran! Want u het tog nog iets menslik in u, terwyl Herodus `n onmens is as hy in woede ontbrand!"

### Die raaiselagtige Romeinse volmag

## 15

**Cyrenius** sê: "Jou wens sal vervul word, want ek is heeltemal tevrede met jou beskrywing van Herodus en weet nou wat ek met hom sal moet doen. Maar sê my nog net of sy vorstelike volmag wel presies is soos wat jy dit vroeër vir my beskryf het! Het jy gesien of dit met my naam onderteken was? Of het jy dalk self insae in die oorkonde gehad? Spreek die waarheid en vertel dit heeltemal presies vir my!"

[2] **Zinka** sê: "Niks is eenvoudiger as dit nie, omdat ek, aangesien ek kan skryf en die drie tale magtig is, hierdie oorkonde al miskien vyftig maal oorgeskryf het. Hierdie afskrifte laat Herodus steeds deur die landvoog vir tien silwerstukke waarmerk ten bewys dat dit dieselfde was as die oorspronklike. U naam sien ek nie, maar wel die van die tans heersende keiser. - Meer kan ek u nie daaroor sê nie."

[3] **Cyrenius** sê: "Dit is dan duidelik `n nuwe volmag, wat heeltemal anders lui as die een waar my handtekening onderaan staan! Sou jy my miskien ook nog kon sê wanneer Herodus hierdie berugte volmag uit Rome in sy besit gekry het?"

[4] **Zinka** sê: "O, sonder meer! Die volmag het hy reeds in die voorjaar gekry. Dit weet ek so duidelik omdat ek

self die versoek daarvoor geskryf het. In die versoek staan naamlik, of die keiser as enigste meester en heerser, met uitsluiting van alle ondergeskikte instansies, hom AD PERSONAM* vir sy noodsaaklike beskerming `n volmag sou gee soos wat onder die nota in die versoekskrif omskryf was. Maar nou kom eintlik die hoofsaak, waaragter – volgens my denke - die groot skurkestreek verskuil is! *(*persoonlik)*

[5] Dat Herodus so `n versoek aan Rome gerig het, daarvoor staan ek as geloofwaardige getuie in, omdat ek, soos wat gesê is, die versoek self opgestel en geskryf het. Die buitengewone versoek het egter - soos wat wel te verstane is - nie sonder `n swaarwegende begeleiding van baie goud en silwer na Rome gegaan nie. Die bringers was vyf van die belangrikste fariseërs wat vir baie persoonlike aangeleenthede destyds `n reis na Rome moes maak. Etlike dae voor hulle vertrek, het hulle by Herodus aangekom en hom gevra of hy nog iets uit Rome nodig gehad het.

[6] Vir Herodus het hulle asof geroep gekom, want hy broei al vier weke daarop, hoe en deur wie hy op die mees veilige en geheime wyse die buitengewone versoek na Rome kon laat bring. Hierdie geleentheid het hom nog meer gepas omdat hy baie goed met hierdie vyf sluwe fariseërs oor die weg gekom het en hulle ook as die eerlikste van hulle soort beskou het. Toe hy oor hulle begeleiersloon navraag doen, wat andersins vanaf Jerusalem meestal nie minder as tweehonderd pond was nie, vra hulle niks nie, want wat hulle vir Herodus doen, doen hulle ook maar net uit pure vriendskap, want hy het hulle ook al talle en belangrike vriendedienste bewys!

[7] Daarmee was Herodus meer as tevrede en hy gee die vyf die versoek insluitend die swaar lading, waarvoor daar vir die dra daarvan dertig kamele nodig was. Op die wyse gaan die buitengewone versoek vervolgens - sê maar na Rome, - maar in werklikheid heeltemal êrens anders heen, wat ons nie kon vasstel nie!

[8] `n Reis van hier na Rome duur onder gunstige weersomstandighede drie volle weke, in ander gevalle ook tot `n maand. `n Mens bly `n aantal dae, dikwels weke in Rome en dit neem tyd vir iemand om by die keiser toegelaat te word. Die keiser handel so `n versoek in die gunstigste geval nie binne `n halfjaar af nie, omdat hy tallose regeringsake te doen het wat belangriker is. Dan kom die terugreis nog, wat net soveel tyd neem as die heenreis! Baie ervaring het my geleer dat niks binne `n driekwart jaar uit Rome teruggekom het nie.

[9] Die vyf bodes het egter die gevraagde volmag, wat heeltemal ooreenstem met die nota volgens my geskrewe versoek, op mooi perkament geskryf en dit versier en voorsien met alle bekende keiserlike waarmerke, binne ses weke aan Herodus oorhandig en Herodus daarmee luisterryk gelukgewens. Ek dink egter by myself daaraan en verwed vandag nog my kop op `n blok dat die vyf bodes by die onderhawige geleentheid net so min in Rome was as wat ek daar was!

[10] Die kêrels het die meegeneemde swaar skatte en die dertig gesonde kamele veilig onder mekaar opgedeel, die handtekening van die keiser en die ander waarmerke nagemaak en Herodus so `n geheime, keiserlike volmag oorhandig, waarvan die ander self seker so min weet as u, geëerde meester en gebieder! Weet u, verhewe meester, dit is maar net my mening; dit kan ook moontlik wees dat die volmag tog nog van die keiser afkomstig is! Miskien het die skepe die wind saam gehad, sowel heen as terug, dan sou dit in elke geval met die heen- en terugreis so ongeveer geklop het, en toevalligerwys kon hulle die keiser by hulle aankoms in Rome in goeie luim en in `n onbesette uur aangetref het. Hy kon hulle dadelik laat kom het en die gevraagde volmag gegee het, waarop hulle dadelik `n vertrekte skip na Asië aangetref het, hulle ingeskeep het en met `n gunstige wind die kus van Judea bereik het! Kortom, ek wil beslis geen regter speel nie! Ek gis en reken maar net ietwat."